“**algemene sakegebied**”, ’n gebied wat oorwegend vir algemene sakegebruik of enige ander ekwivalent gebruik gesoneer is, met die doel om ekonomiese aktiwiteite in ’n sakedistrik of ’n ontwikkelingskorridor te bevorder, en sluit ’n wye reeks van grondgebruike soos sake, residensiële en gemeenskapsgebruike in;

“**casino**”, beteken ’n doelgeboude toerismefasiliteit wat ’n gelisensieerde dubbelfasiliteit is, en kan hotelle, restaurante, kroeë, konferensiefasiliteite, vermaaklikheidsfasiliteite en ander soortgelyke fasiliteite vir toerisme insluit;

“**die Wet**”, die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No 4 van 2008), soos gewysig, en die regulasies daarkragtens afgekondig;

“**drank**”, enige vloeistof of substansie, soos in artikel 1 van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No 4 van 2008), soos gewysig, omskryf;

“**dranklisensie**”, ’n lisensie om drank te verkoop, soos omskryf in artikel 33 van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), soos gewysig;

“**drankraad**”, die Wes-Kaapse Drankowerheid ingestel in terme van subartikel 2(1) van die Weskaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), soos gewysig;

“gaste akkommodasie onderneming”, persele wat vir tydelike akkommodasie gebruik word, en verblyf, etes en ander gastedienste aan tydelike gaste teen vergoeding voorsien, en wat behoorlik gelisensieerd is om voedsel voor te berei en te verkoop, en sluit in 'n oornagplek vir rugsakreisigers, 'n bed en-ontbyonderneming, 'n gastehuis of 'n gasteplaas of 'n gasteoornagplek, sowel as fasiliteite vir sakebyeenkomste, konferensies, geleenthede of opleidingsessies vir inwonende gaste, maar sluit 'n hotel uit;

“gelisensieerde perseel”, die perseel waar drank mikro-vervaardig, verkoop, verbruik of gestoor mag word in terme van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No 4 van 2008), soos gewysig;

“gemagtigde beampte”, enige werknemer van die Munisipaliteit van Theewaterskloof wat gemagtig is deur die Munisipaliteit van Theewaterskloof om die bepalings van die Verordening insake Drankhandelsdae en -ure van die Munisipaliteit Theewaterskloof af te dwing, 'n aangewysde drankoffisier van die Suid-Afrikaanse Polisie diens of 'n inspekteur wat kragtens subartikel 73(4) van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet No 4 van 2008), soos gewysig, aangestel is;

“gesoneer”, 'n metode van ontwikkelingsbeheer, wat die aangewese grondgebruikaktiwiteite toelaatbaar op 'n perseel omskryf, in ooreenstemming met die bepalings en reëls om grond te kategoriseer in terme van gebruik en doel, die omvang waarvan in die soneringskema regulasies van die Munisipaliteit van Theewaterskloof vervat is en het **“sonering”** het 'n ooreenstemmende betekenis;

“herberg”, het dieselfde betekenis as 'n “kroeg”;

“hotel” 'n doelgeboude en ontwikkelde perseel wat vir tydelike akkommodasie vir tydelike gaste gebruik word, waar huisvesting, maaltye en ander gastedienste teen vergoeding verskaf word, en die volgende insluit–

- (a) 'n restaurant of restaurante wat behoorlik gelisensieer is om voedsel voor te berei en te verkoop, wat deel uitmaak van die hotel;
- (b) konferensie- en vermaaklikheidsfasiliteite wat ondergeskik en aanvullend tot die oorheersende gebruik van die perseel as 'n hotel is; en
- (c) persele wat gelisensieer is om alkoholiese drank vir binneverbruik op die eiendom te verkoop, maar **uitgesluit** 'n buiteverbruikfasiliteit, gaste akkommodasie onderneming, 'n woonhuis of wooneenheid;

“industriële gebied”, 'n gebied wat oorwegend vir algemene industriële of enige ander ekwivalent gebruik gesoneer is, met die doel om alle vorme van industriële aktiwiteite te akkommodeer, insluitend vervaardiging en verwante aktiwiteite vir verwerking, maar uitgesluit skadelike of gevaarlike risiko industriële aktiwiteite;

“kamerdiens”, beteken die voorsiening van drank en voedsel in die kamers van gaste, by fasiliteite waar tydelike residentieële verblyf beskikbaar gestel word;

“kleinhoewe of landelike gebied”, 'n gebied wat oorwegend vir landelike bewoning of enige ander ekwivalent gebruik gesoneer is, met die doel om voorsiening te maak vir kleiner landelike eiendomme wat vir landboudoeleindes,

kommersiële, ligte industriële en ander soortgelyke gebruike gebruik kan word, maar ook hoofsaaklik as woonplekke gebruik kan word in 'n omgewing wat meer landelik van aard is;

“kroeg”, 'n kleinhandelonderneming wat hoofsaaklik alkoholiese drankies bedien vir gebruik op die perseel, wat ook voedsel mag bedien, indien behoorlik gelisensieer daarvoor en vermaak mag verskaf;

“landbougebied”, 'n gebied wat vir oorwegend landbougebruik of enige ander ekwivalente gebruik gesoneer is, met die doel om landbou aktiwiteite op plase te bevorder en te beskerm as 'n belangrike ekonomiese, omgewings- en kulturele hulpbron, en waar beperkte voorsiening vir gebruike anders as landbou gemaak word, ten einde grondeienaars 'n geleentheid te bied om die ekonomiese potensiaal van hul eiendomme te verhoog, sonder om 'n beduidende negatiewe impak op die primêre landboufunksies en hulpbronne tot gevolg te hê;

“lisensiehouer”, enige persoon of besigheidsentiteit of instelling, aan wie 'n dranklisensie uitgereik is en wie gelisensieer is om drank te verkoop in terme van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), soos gewysig en sluit in enige gelisensieerde perseel, onderneming, afsetpunt of grondgebruikaktiwiteit waarvandaan drank verkoop mag word, 'n persoon of agent wat namens die lisensiehouer optree of 'n bestuurder van die lisensiehouer, soos voorsien in subartikel 52(1) van die Wes-Kaapse Drankwet, 2008 (Wet 4 van 2008), soos gewysig, of enige persoon in diens van sodanige lisensiehouer of agent of bestuurder;

“Munisipaliteit”, die Munisipaliteit van Theewaterskloof, wat insluit enige verwysing na behoorlike gemagtigde en / of aangestelde beamptes en / of diensverskaffers in terme van diensleweringsooreenkomste van die Munisipaliteit van Theewaterskloof;

“perseel”, enige grond, geleë binne die regsgebied van die Munisipaliteit van Theewaterskloof, waarvan die buitegrense afgebaken is op 'n algemene plan of diagram of deeltitelplan, en wat ingevolge die toepaslike wetgewing geregistreer is, wat insluit 'n gebou of struktuur wat op sodanige grond gebou of opgerig is;

“plaaslike sake of buurt sakegebied”, 'n gebied wat oorwegend vir plaaslike sake of gemengde gebruik of enige ander ekwivalente gebruik gesoneer is, met die doel om voorsiening te maak vir aktiwiteite verbandhoudend tot lae digtheid kommersiële en gemengde gebruik, wat aan die behoeftes van die plaaslike gemeenskap vir geriefsgoedere, persoonlike dienste of klein sakeondernemings voldoen, of as koppelvlak tussen algemene sake, industriële en aangrensende residensiële gebiede dien;

“residensiële gebied”, 'n gebied wat oorwegend vir informele-, enkel- of algemene residensiële gebruik of enige ander ekwivalente gebruik gesoneer is, met die doel om voorsiening te maak vir oorwegend enkelgesin wooneenhede in lae tot medium digtheid gebiede, sowel as huisvesting vir hoë digtheid wooneenhede, en waarby beheerde geleenthede vir tuiswerkverskaffing, bykomende wooneenhede en lae digtheid gemengde gebruik ingesluit is;

“restaurant”, 'n onderneming wat behoorlik gelisensieer is om voedsel en drank voor te berei en aan klante te bedien, welke maaltye gewoonlik op die perseel bedien en benut word, maar ook wegneemetes en 'n afleweringdiens kan insluit;

“sake perseel”, persele waarvandaan sake bedryf word en kan 'n restaurant, herberg, kroeg of taverne of ander gebou vir soortgelyke gebruike insluit, maar sluit 'n plek van vermaaklikheid, 'n gaste akkommodasie onderneming, hotel, sport- en gemeenskapsklub uit;

“soneringskema”, die soneringskema van toepassing op en van krag in 'n spesifieke gebied, binne die gebied van jurisdiksie van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.

“sport- en gemeenskapklub”, 'n perseel of 'n fasiliteit wat gebruik word vir die byeenkoms van gemeenskap- of burgerlike organisasies of verenigings, sportklubs of ander sosiale of ontspanningsklubs, wat meesal sonder winsbejag bedryf word, en kan gemeenskapsdiensklubs en gemeenskapsentrums of soortgelyke fasiliteite insluit, maar sluit 'n nagklub uit;

“taverne”, het dieselfde beteken as 'n “kroeg”;

“toerisme fasiliteit”, beteken fasiliteite vir toeriste soos lesinglokale, restaurante gelisensieer vir die voorbereiding en verkoop van voedsel, verkooppunte vir verkope van plaaslike drankprodukte en produkte, geskenkwinkels en ruskamers, maar sluit nie oornag akkommodasie in nie;

“vermaaklikheidsplek”, 'n plek wat oorwegend vir kommersiële vermaak gebruik word, wat relatief groot getalle mense kan lok en akkommodeer, buite normale sake ure bedryf word en op 'n gereelde grondslag geraas kan genereer weens musiek of feestelikhede, en sluit in 'n bioskoop, teater, pretpark, danssaal, gimnasium, totalisator of fasiliteite vir weddenskappe, dobbelsaal, karaoke-kroeg en nagklub;

“vonkelwyn”, 'n bruiswyn wat gemaak word deur druive te laat gis, hetsy deur natuurlike of kunsmatige prosesse, en sluit sjampanje in; en

“wynmakery”, persele of fasiliteite wat in die vervaardiging van wyn of enige ander alkoholiese drankie gebruik word, en sodanige persele of fasiliteite sluit in fasiliteite vir die pars en gisting van druive of soortgelyke landbouprodukte, die fermentasie en veroudering van wyn of soortgelyke landbouprodukte, proelokale, vatstore, bergingskamers, bottelingskamers, tenkkamers, laboratoriums of kantore en ander bykomstige of aanvullende fasiliteite wat met die produksie van wyn of enige ander alkoholiese drankies verband hou, waarby ingesluit -

- (a) restaurante en ander voedseldienste behoorlik gelisensieer om voedsel voor te berei en te verkoop;
- (b) vermaaklikheid en konferensie;
- (c) onthaalfasiliteite vir troues;
- (d) verkooppunte waar produkte van die landgoed verkoop word; of
- (e) sekondêre verkoopsfasiliteite vir toere of besoekers.

2. TOEPASSING

Hierdie verordening is van toepassing op persone en persele, wat binne die regsgebied van die Munisipaliteit drank aan die publiek verkoop.

3. ALGEMENE BEPALINGS

'n Lisensiehouer mag nie drank verkoop vir gebruik op of vanaf 'n gelisensieerde perseel—

- (a) in enige ander manier, as waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word nie;
- (b) buite die dae en ure soos vasgestel deur die Munisipaliteit; of
- (c) sonder 'n geldige dranklisensie soos uitgereik in terme van die Wet.

4. BEPALING VAN TOEPASLIKE AREAS IN KATEGORIË

In 'n geval waar die area soos uiteengesit in die Skedule onduidelik of in dispuut is, of moeilik is om te bepaal, sal die werklike regte gevestig deur sonering, vergunningsgebruik of 'n afwyking van die gelisensieerde perseel voorkeur geniet, om te bepaal in watter kategorie sodanige perseel val.

HOOFSTUK 2: STANDAARD HANDELSURE

5. HANDELSDAE EN -URE VIR DIE VERKOOP EN GEBRUIK VAN DRANK OP GELISENSIEERDE PERSELE

- (1) 'n Lisensiehouer mag drank vir verbruik op die gelisensieerde persele op die volgende dae en ure verkoop—
 - (a) op enige dag van die week; en
 - (b) gedurende die handelsure soos in die Skedule uiteengesit.
- (2) Nieteenstaande die bepalings in subartikel 5(1) van hierdie verordening, kan 'n hotel of gaste akkommodasie onderneming wat gelisensieer is om drank te verkoop, enige tyd van die dag 'n kamerdiensfasiliteit aanbied.
- (3) Ondanks die bepalings van hierdie verordening, kan 'n lisensiehouer soos beoog in subartikel 5(1) van hierdie verordening, vonkelwyn bedien —
 - (a) van 08:00 tot 11:00 vir sewe dae 'n week;

- (b) as deel van 'n maaltyd; en
 - (c) aan gaste wat deel is van 'n georganiseerde funksie, waar toegang voorbehou word.
- (4) Handelsdae en -ure vir spesiale geleenthede of tydelik gelisensieerde persele sal in ooreenstemming met die Skedule wees.
- (5) 'n Gelisensieerde casino mag drank verkoop 24 uur 'n dag, en 7 dae 'n week.
- (6) 'n Lisensiehouer wat drank vir gebruik op die perseel verkoop—
- (a) mag nie toelaat dat enige gebruik van drank op die gelisensieerde perseel plaasvind, op enige tyd wanneer die verkoop van drank nie op die perseel toegelaat word nie; en
 - (b) mag nie toelaat dat enige drank vanaf die perseel geneem word nie.
- (7) 'n Lisensiehouer in die geval van 'n hotel of gaste akkomodasie fasiliteit -
- (a) mag die gebruik van 'n kroegfasiliteit wat vooraf met voorraad gevul was toelaat, wat deel vorm van 'n privaat suite of kamer, vir gebruik deur gaste wat die suite of kamer okkupeer; en
 - (b) mag nie sodanige kroegfasiliteit hervul, gedurende die ure wat die lisensiehouer nie mag drank verkoop nie.
- (8) 'n Lisensiehouer in die geval van 'n hotel of gaste akkomodasie fasiliteit, mag nie drank aan gaste of besoekers verskaf buite die standaard drankhandelsure van sodanige tipe gelisensieerde perseel, tensy die drank voorsien word in terme van die bepalings van subartikel 5(2) en subartikel 5(3) van hierdie verordening nie.
- (9) 'n Lisensiehouer mag 'n aansoek aan die Munisipaliteit rig vir permanente verlenging van drankhandelsure om drank vir gebruik op 'n gelisensieerde perseel tot 04:00 die volgende dag te verkoop, vir solank die betrokke lisensiehouer 'n geldige dranklisensie vir die betrokke perseel het.

6. HANDELSDAE EN -URE VIR DIE VERKOOP EN GEBRUIK VAN DRANK VANAF GELISENSIEERDE PERSELE

- (1) 'n Lisensiehouer vir die gebruik van drank vanaf die perseel, mag drank op enige dag van die week verkoop, behalwe op Sondag.
- (2) 'n Lisensiehouer wat as 'n toerisme fasiliteit besigheid doen, mag ten spyte van die bepalings van subartikel 6(1) van hierdie verordening, drank verkoop vir gebruik vanaf die gelisensieerde perseel, op enige dag van die week vanaf 09:00 tot 18:00.

- (3) 'n Lisensiehouer kan drank vir verbruik vanaf van die gelisensieerde persele op die volgende dae en ure verkoop—
- (a) Maandag tot Vrydag van 09:00 tot 18:00;
 - (b) Saterdag van 09:00 tot 18:00; en
 - (c) Geen verkope mag op Sondag en Kersdag plaasvind nie, met dien verstande dat hierdie beperkings nie geld vir 'n wynmakery en 'n toerisme fasiliteite nie, wat van 09:00 tot 18:00 ook op sodanige dae handel kan dryf.
- (4) 'n Lisensiehouer mag 'n aansoek aan die Munisipaliteit rig vir permanente verlenging van drankhandelsure om drank vanaf 'n gelisensieerde perseel tot 20:00 te verkoop, vir solank die betrokke lisensiehouer 'n geldige dranklisensie vir die betrokke perseel het.

HOOFSTUK 3: VERLENGDE DRANKHANDELSURE

7. AANSOEK VIR DIE VERLENGING VAN DRANKHANDELSURE

- (1) 'n Lisensiehouer mag skriftelik aansoek doen by die Munisipaliteit vir verlengde drankhandelsure, vir 'n spesifieke tipe lisensie of katogorie van besigheidpersele, onderworpe aan die volgende—
- (a) in die geval van 'n lisensiehouer wat drank verkoop vir gebruik vanaf 'n gelisensieerde perseel, kan daar aansoek gedoen word vir 'n oopmaaktyd van 09:00 tot 'n sluitingstyd van 20:00;
 - (b) in die geval van 'n lisensiehouer wat drank verkoop vir gebruik op 'n gelisensieerde perseel, kan daar aansoek gedoen word vir 'n oopmaaktyd van 11:00 tot 'n sluitingstyd van 04:00; en
 - (c) verlengde drankhandelsure kan op aansoek van 'n applikant toegestaan word—
 - (i) as permanente vergunning, vir solank die betrokke lisensiehouer 'n geldige dranklisensie vir die betrokke perseel het;
 - (ii) vir 'n periode van een (1) kalenderjaar;
 - (iii) vir enige periode korter as een (1) kalendermaand; en
 - (iv) vir 'n spesiale geleentheid.
- (2) Die Munisipaliteit kan 'n aansoek om 'n verlenging van handelsure goedkeur of weier, en die aansoeker sal die reg tot appèl hê in terme van die bepalings van artikel 8 van hierdie verordening.
- (3) Geen regte val enige persoon toe, wat 'n aansoek om 'n verlenging van handelsure ingedien het nie, alvorens bewys van skriftelike goedkeuring deur sodanige persoon van die Munisipaliteit ontvang word nie.

- (4) Die Munisipaliteit mag, met skriftelike kennisgewing aan 'n applikant, voorwaardes vir handeldryf gedurende verlengde ure oplê, op voorwaarde dat hierdie voorwaardes opgelê konsekwent, onpartydig en regverdig sal wees vir alle aansoeke, en dat geen presedente geskep sal word nie.
- (5) Voordat die Munisipaliteit 'n aansoek oorweeg vir die verlenging van drankhandelsure, moet die aansoeker die volgende inligting en ondersteunende dokumentasie by die Munisipaliteit indie—
- (a) die uitkoms van oorlegpleging met eienaars en / of okkupeerders van persele aanliggend tot die gelisensieerde perseel, wat geaffekteer word deur die aansoek;
 - (b) die potensiële impak op die omliggende omgewing;
 - (c) die nabyheid van die gelisensieerde perseel aan omliggende residensieel gesoneerde areas, en kulturele, godsdienstige en opvoedkundige fasiliteite;
 - (d) die spesifieke tydperk waarvoor die aansoek gebring word en of die aansoek vir permanente verlengde drankhandelsure is;
 - (e) vorige lisensieopskortings, -wysigings of -herroepings van verlengde handelsdae en -ure, vir dieselfde gelisensieerde perseel;
 - (f) die rede waarom dit in die publiek se belang is om 'n verlenging van handelsure goed te keur en / of toe te staan;
 - (g) motiverings van die applikant wat handel oor die impak van—
 - (i) die risiko's en moontlike oorlaste vir die omliggende gemeenskap; en
 - (ii) verligtingsmaatreëls om die risiko's en moontlike oorlaste te verhoed en / of te beheer;
 - (h) die soneringsvereistes en -voorwaardes van die Munisipaliteit, vir die perseel;
 - (i) bewys van die geldigheid van die huidige dranklisensie en dat die munisipale diensterekening vir die betrokke perseel opbetaald is;
 - (j) kommentaar en aanbevelings van die Wes-Kaapse Drankraad, die Drankoffiser van die Suid Afrikaanse Polisie en die Wetstoepassings Departement van die Munisipaliteit ten opsigte van die aansoek, en
 - (k) waar van toepassing, die geldigheid van 'n besigheidslisensie.
- (6) Die Munisipaliteit kan enige goedkeuring vir die verlenging van drankhandelsure terugtrek, indien 'n lisensiehouer nie aan die voorwaardes vir die verlenging van drankhandelsdae en -ure voldoen nie, of indien bewys aan die Munisipaliteit gelewer kan word dat die verdere toelating van verlengde drankhandelsure nie meer gepas is nie.

HOOFSTUK 4: ALGEMENE BEPALINGS

8. APPÈLLE

'n Persoon wie verontreg voel oor 'n besluit geneem deur die Munisipaliteit, ingevolge enige gedelegeerde magte, mag in terme van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No 32 van 2000), soos gewysig, teen sodanige besluit appèlleer deur binne een-en-twintig (21) dae vanaf datum van kennisgewing van die besluit, skriftelike kennis aan die Munisipale Bestuurder te gee van die appèl, en redes vir die appèl te verstrek.

9. OPSKORTING, WYSIGING EN HERROEPING VAN VERLENGDE DRANKHANDELSURE

- (1) 'n Gemagtigde beampte mag, met diening van 'n skriftelike kennisgewing op die lisensiehouer of die persoon in beheer van 'n perseel, onmiddellik die verlengde handelsure van 'n lisensiehouer opskort, weens die nie-nakoming van bepalings van die Wet, of die bepalings van hierdie verordening, of enige gestelde voorwaarde van die dranklisensie of die goedkeuring van verlengde handelsure, wat nie nagekom is nie.
- (2) Die skriftelike kennisgewing soos voorsien in subartikel 9(1) van hierdie verordening, moet die redes vir en die tydraamwerke waarvolgens sodanige opskorting van verlengde handelsure in werking sal wees, spesifiseer.
- (3) Die skriftelike kennisgewing soos voorsien in subartikel 9(1) van hierdie verordening, moet die lisensiehouer opdrag gee om binne twee-en-sewentig (72) uur, skriftelike redes aan die Munisipaliteit te verskaf oor waarom die verlengde handelsure nie in geheel herroep moet word nie.
- (4) Die gemagtigde amptenaar moet enige opskorting van verlengde handelsure, skriftelik aan die delegeringsowerheid of -owerhede rapporteer.
- (5) Die Munisipaliteit moet, na oorweging van die gemagtigde amptenaar se opskortingsverslag en die versoë deur die lisensiehouer—
 - (a) handelsure ten opsigte van die betrokke besigheidperseel herbevestig, herbepaal of in totaal herroep soos toepaslik, en kan enige sodanige voorwaardes oplê as wat as wenslik beskou word; en
 - (b) enige besluit om die verlengde ure van handel te bevestig, wysig of te herroep, by die Wes-Kaapse Drankowerheid aanmeld.
- (6) Geen persoon sal voortgaan om drank aan die publiek te verkoop, gedurende sodanige tydperk waarin die verlengde ure van handel in drank opgeskort is nie.

- (7) Die Munisipaliteit sal nie verantwoordelik gehou word vir enige verlies aan inkomste wat deur 'n lisensiehouer gely word gedurende enige tydperk van opskorting van handelseure nie.

10. STRAFBEPALINGS

'n Persoon wat enige bepaling van hierdie verordening oortree, of versuim om daaraan te voldoen of versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie verordening, of 'n instruksie uitgereik deur 'n gemagtigde beampte of aangebring op 'n kennisgewingsbord, begaan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding -

- (a) 'n boete of gevangenisstraf opgelê word, of gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete, of beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, opgelê word;
- (b) in die geval van 'n voortgesette misdryf, 'n bykomende boete of bykomende tydperk van gevangenisstraf of sodanige bykomende gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete of sodanige bykomende boete of gevangenisstraf vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, opgelê word; en
- (c) 'n verdere bedrag as kostebevel opgelê word, gelykstaande aan enige kostes en / of uitgawes wat die Hof bevind deur die Munisipaliteit aangaan was, as gevolg van sodanige oortreding.

11. BEDIENING VAN KENNISGEWINGS EN ANDER DOKUMENTE

- (1) 'n Kennisgewing, bevel, aanskrywing, of ander dokument wat ingevolge hierdie verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word geag behoorlik uitgereik te wees indien 'n beampte wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, dit onderteken het.
- (2) Wanneer dit nodig is om enige gemagtigde kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument te bedien op 'n persoon ingevolge hierdie verordening, word dit geag effektief en na behore aan sodanige persoon beteken te wees—
- (a) wanneer dit persoonlik aan die persoon afgelewer is;
- (b) wanneer dit by die persoon se plek van inwoning of besigheid in die Republiek van Suid-Afrika gelaat is, by 'n persoon wat duidelik ouer as sestien jaar is;
- (c) wanneer dit gepos is per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan die persoon se laaste bekende woon- of besigheidsadres in die Republiek van Suid-Afrika, en 'n erkenning van die versending verskaf word;

- (d) indien die persoon se adres in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit aan die persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek van Suid-Afrika bedien is op so 'n manier, soos in subartikels 11(1)(a), 11(1)(b) of 11(1)(c) van hierdie verordening bepaal;
- (e) indien die persoon se adres en agent in die Republiek van Suid-Afrika onbekend is, wanneer dit opsigtelik vertoon word op die vaste eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het; of
- (f) in die geval van 'n bestuursliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor of die sakeperseel van sodanige bestuursliggaam afgelewer is.
- (3) Wanneer enige kennisgewing, bevel, aanskrywing of ander dokument aan 'n persoon ingevolge hierdie verordening bedien moet word, is dit nie nodig om dit by name te noem nie, maar sal dit voldoende wees as die persoon daarin beskryf word as die eienaar, bewoner of houer van sodanige vaste eiendom of ander reg, wat ook al die geval mag wees.
- (4) 'n Bevel, kennisgewing of ander dokument wat waarmede vereis, moet behoorlik deur die Munisipaliteit onderteken wees.

12. TEENSTRYDIGHEDE MET ANDER WETGEWING

In die geval van teenstrydigheid tussen enige bepaling van hierdie verordening en nasionale en provinsiale wetgewing of regulasies, sal sodanige nasionale en provinsiale wetgewing of regulasies voorrang geniet.

13. HERROEPING VAN VERORDENINGE

- (1) Die bepalings van enige ander verordeninge voorheen uitgevaardig deur die Munisipaliteit, of deur enige van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die Munisipaliteit geïnkorporeer is, word hierby herroep in soverre dit betrekking het op aangeleenthede waarvoor in hierdie verordening voorsiening gemaak word.
- (2) Die volgende verordening van die Munisipaliteit van Theewaterskloof word hiermee spesifiek herroep—

Naam van verordening	Datum gepubliseer	In die geheel of gedeeltelik
Verordening insake Drankhandelsdae en- ure	PK 7155 gedateer 2 Augustus 2013	In die geheel

14. SKEDULE VORM DEEL VAN DIE VERORDENING

Die Skedule tot hierdie verordening vorm deel van hierdie verordening vir alle praktiese doeleindes.

15. KORT TITEL

Hierdie verordening staan bekend as die Verordening insake Drankhandelsdae en -ure van die Munisipaliteit van Theewaterskloof.

16. INWERKINGTREDING

Hierdie verordening tree op datum van publikasie daarvan in werking.

SKEDULE
DRANKHANDELSDAE EN –URE VIR DIE GEBRUIK VAN DRANK OP
GELISENSIEERDE PERSELE

Liggings kategorie & tipe gelisensieerde perseel	Maksimum toelaatbare drankhandelsure
1. Residensiële areas	
Gaste akkomodasie fasiliteit.	Maandag – Saterdag: 11:00 – 24:00 Sondag: 11:00 – 24:00
Plek van vermaak.	
Herberg / Taverne / Restaurant.	
Kroeg	
Persele gesoneer vir besigheid.	Maandag – Saterdag 11:00 – 24:00
Sport- en gemeenskapsklubs (Uitgesluit spesiale geleenthede wat 'n tydelike lisensie vereis).	Maandag – Saterdag: 11:00 – 24:00 Sondag: 11:00 – 24:00
Hotel	Maandag – Saterdag: 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00
2. Plaaslike of buurtsakesentrums - insluitend gemengde gebruikareas	
Gaste akkomodasie fasiliteit.	Maandag – Saterdag: 11:00 – 24:00 Sondag: 11:00 – 24:00
Herberg / Taverne / Restaurant.	
Kroeg	
Plek van vermaak.	
Persele gesoneer vir besigheid.	Maandag – Saterdag 11:00 – 24:00
Sport- en gemeenskaps klubs (Uitgesluit spesiale geleenthede wat 'n tydelike lisensie vereis).	Maandag – Saterdag: 11:00 – 24:00 Sondag: 11:00 – 24:00
Hotel	Maandag – Saterdag: 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00

3. Algemene besigheidsareas	
Gaste akkomodasie fasiliteit.	Maandag – Saterdag: 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00
Herberg / Kroeg / Taverne / Restaurant.	
Plek van vermaak.	
Hotel	
Persele gesoneer vir besigheid.	Maandag – Sondag 11:00 – 24:00
Sport- en gemeenskaps klubs (Uitgesluit spesiale geleenthede wat 'n tydelike lisensie vereis).	Maandag – Saterdag: 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00
4. Industriële areas	
Persele gesoneer vir besigheid.	Maandag – Saterdag: 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00
Plek van vermaak.	
Sport- en gemeenskaps klubs (Uitgesluit spesiale geleenthede wat 'n tydelike lisensie vereis).	Maandag – Saterdag: 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00
5. Landbou / landelike areas	
Gaste akkomodasie fasiliteit.	Maandag – Saterdag: 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00
Plek van vermaak.	
Wynmakery en toerisme fasiliteit	
Hotel	
Persele gesoneer vir besigheid.	Maandag – Sondag 11:00 – 24:00
Sport- en gemeenskaps klubs (Uitgesluit spesiale geleenthede wat 'n tydelike lisensie vereis).	Maandag – Saterdag 11:00 – 02:00 die volgende dag Sondag: 11:00 – 24:00

6. Kleinhoewe areas	
Gaste akkomodasie fasiliteit.	Maandag tot Sondag 11:00 – 24:00
Plek van vermaak.	
Wynmakery en toerisme fasiliteit.	
Sport- en gemeenskaps klubs (Uitgesluit spesiale geleenthede wat 'n tydelike lisensie vereis).	Maandag tot Sondag 11:00 – 24:00
Persele gesoneer vir besigheid.	Maandag – Sondag 11:00 – 24:00
7. Ander ad-hoc liggings	
Voertuie of mobiele ondernemings gebuik vir toeriste of vermaaklikheid of ontspannings doeleindes, soos per definisie van "perseel" in artikel 1 van die Wet, tensy enige ander verordening van Theewaterskloof Munisipaliteit anders bepaal.	Maandag tot Sondag 11:00 – 24:00
Spesiale geleenthede of tydelike gelisensieerde persele	Soos bepaal deur die liggings kategorie
8. Casino	24 uur 'n dag en 7 dae 'n week
9. Spesiale geleenthede	Soos bepaal deur die lisensie kategorie of die sonering van die perseel